Dae tot Kalwing
Wenkblad

Tydlyn



Wat is Dae tot Kalwing?

- Aantal dae tussen die begin van die dekseisoen en die daaropvolgende kalwing.
- Dae tot Kalwing (DTK) is 'n maatstaf van vroulike vrugbaarheid.

Dae tot Kalwing BTWs

- DTK BTWs dui op die genetiese verskil tussen diere in die tyd tussen die begin van die dekseisoen en die daaropvolgende kalwing.
- Teelwaardes word in dae uitgedruk.
- Hulpmiddel vir telers om die genetika vir vroulike vrugbaarheid te verbeter.
- DTK BTWs kan in samewerking met roetinebestuurspraktyke en uitskotstrategieë gebruik word.

Belangrike Inligting vir Dae tot Kalwing BTWs

- Dekinligting van alle vroulike diere (verse en koeie) moet aangeteken word (suksesvol of nie):
  - Bul-in datum - begin van dekprogram
  - Bul-uit datum - datum wat die bul uit die koeikudde verwyder is
- Besonderhede van alle vroulike diere wat uit die kudde verwyder is.
- Besonderhede van al die kalwers (dood of lewend) wat as gevolg van hierdie dekkings gebore is.
- Hierdie inligting moet deur middel van deklyste aan die genootskap gestuur word deur enige van die volgende BREEDPLAN-versoenbare opsies te gebruik:
  - Microsoft Excel-spreiblaaie
  - Kuddebestuursagtewareprogram soos HerdMASTER

Hoekom Dae tot Kalwing rekords aangeteken moet word?

- Vroulike vrugbaarheid het 'n groot invloed op kuddeprestasie en is belangrik vir winsgewendheid.
- Die aantekening van DTK is 'n handige manier om reproduksieprestasie te bestuur.
- DTK BTWs is 'n goeie manier om geneties vrugbare vroulike diere te identifiseer.

Interpretasie van Dae tot Kalwing BTWs

- Daar word verwag dat vroulike diere met korter DTK BTWs vroeër puberteit sal bereik en vinnig na kalwing weer terug na estrus sal keer.
- DTK BTWs identifiseer koeie wat vroeër in die seisoen kalf, in vergelyking met dié wat later in die seisoen kalf, terwyl koeie wat nie kalf nie gepenaliseer word.
- Laer, of meer negatiewe, DTK BTWs is meer wenslik. Byvoorbeeld:
  - Die dogter van 'n bul met 'n -5 dae DTK BTW sal vroeër in die dekseisoen dragtig raak.
- Meeste van die DTK-variasie is as gevolg van die variasie in die tyd om dragtig te raak na die aanvang van die dekseisoen.

Meer Inligting

Skandeer die QR-kodes hieronder vir die volledige BREEDPLAN Wenkblaaie of kliek **hier** vir die BREEDPLAN Hulpsentrum.